

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Sondag: Yvonne Destroo, Jo Doidge, Colleen Rossouw, Anne-Marie Taylor, Dirk Voigt.

Maandag: Tertia de Villiers.

Dinsdag: Lisa Jacobs, Jana Neethling, Anneke Schaap, Marietjie Theron, Ferdi van Rooyen.

Woensdag: Gussie Lötter, Lucas Niemand, Johan Viljoen.

Donderdag: Cobie Viljoen.

Vrydag: Shaun McLeod, Luna Petzer.

Saterdag: Thelma de Kock, Paul Liversage, Anlea Rainier, Lenette van Niekerk.

HUIS JAKARANDA SE BEHOEFTELYS

Indien jy vir Huis Jakaranda met 'n item op hierdie lys kan help, kan jy dit gerus by die kerkkantoor kom aflaai.

Beddegoed vir 11 enkel beddens (lakens, duvet-oortreksels, kussings)

12 Handdoeke en houers vir tandeborsels

Stykplank & wasgoedmandjie, 4x klein stoeltjies, 12 x plastiek groot borde en klein bordjies, Houers vir botter en konfyt, asook 'n klitser

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.



Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51

Direkte Erediens-uitsendings: <https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/>

YouTube adres: <https://youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqkl1iWULA>

Potgooi: <https://bit.ly/3SXY7FI>

FAMILIENUUS

SONDAG 17 NOVEMBER 2024

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: HENNIE FOUCHÉ

SKRIFLESING: HEBREERS 10:11 - 25

TEMA: 'N HELE-JAAR-DEUR-KERSGESKENK

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

18:30: DS. EWALD JANSEN VAN RENSBURG

SESSIE 4: SORG VIR JOU SIEL: DIE PRAKTYK VAN GENADE

Kategese-afsluiting vandag:

*Graad R-3 tydens die diens (Gelykenisse van Jesus)
Graad 4-7 in Jeuglokaal en Graad 8-10 in die Familiekamer
Graad 4-10 besig met 'n reeks "Geskenke van liefde."*

Vandag se deuroffer:

MHELP

(Macassar Help Empower Local People)

MHELP is 'n nie-winsgewende organisasie wat hoofsaaklik oer mense in Macassar wil help om hul waarde as mense te erken en te vier. MHELP voorsien kospakkies aan mense en help hulle om in alle opsigte beeld-draers van God te wees.

Sammy en Sophia Louw het hierdie organisasie vyf en twintig jaar gelede begin en is nog steeds daarby betrokke. Hulle het hierdie organisasie begin deur dit te finansier met hulle pensioengeld - in die vertroue dat die Here vir hulle sal voorsien. Ons gemeente se bydrae word hoofsaaklik gebruik om hulle pensioen weer aan te vul.

Die gemeente word ook versoek om te bid dat die Here sal voorsien in 'n opvolger vir Sammy en Sophia - vir die dag wanneer hulle nie meer daarmee kan voortgaan nie.

Volgende week se deuroffer: Instandhouding van geboue

**KERSSANGDIENS SKUIF NA
SONDAGAAND, 1 DESEMBER, 19:00**

PROGRAM VIR DIE WEEK

Sondag:	09:00	Erediens en kategeese
	18:30	Sorg vir jou siel (Kerkgebou) - Sessie 4
Dinsdag:	19:00	Bybelstudie (Familiiekamer) - Nehemia
Woensdag:	08:45	Bybelstudie (Familiiekamer) - Nehemia
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke - Ester
	19:00	Sorg vir jou siel (Kerkgebou) - Sessie 5

November is die tyd wanneer **SORG VIR JOU SIEL**

deur Ewald van Rensburg interaktief behandel word.

Hier is die program van **Sorg vir jou siel:**

Sessie 4: Die praktyk van Genade. Sondagaand, 18:30, 17 Nov

Sessie 5: Die praktyk van Dankbaarheid. Woensdag, 19:00, 20 Nov


Sessie 6: Die praktyk van Groei. Sondagaand, 18:30, 24 Nov.

Kerkradsverkieing

By die Kerkradsvergadering van 26 November 2024 moet vyf kerkradslede verkies word vir 'n termyn van drie jaar. Die verkiesing van kerkradslede is die **taak van die hele gemeente**. Daarom dat gemeentelede versoek word om persone te **nomineer** en ook **voorbidding** te doen vir die kerkrad - voor die verkiesing, nadat hulle verkies is, en ook nadat hulle bevestig is.

Kerskoekie-geskenke vir inwoners van versorginsoorde

Ons wil graag weer vanjaar vir die inwoners van die versorgingsoorde in ons gemeente (ongeach hulle kerkverband) 'n pakkie koekies as kersgeskenk gee. Ons wil 250 pakkies opmaak, met 8 koekies in elke pakkie - **dus het ons sowat 2 000 koekies nodig**. As jy aan hierdie projek wil deelneem, kan jy gerus koekies hiervoor skenk, of dit op 'n Sondag in die voorportaal neersit - voor / op 26 November.



TIENDEMAAND DANKOFFERS

Mikpunt: R700 000
Reeds ontvang: R136 600

Spesiale Dankoffer-insameling

Wees heeltyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het (1 Tess 5:18 (Boodskap)).

Met ons dankoffers erken ons dat ons nie die besitters is van geld nie, maar dat ons **die bestuurders is van God se geld**.

In die Bybel is talle voorskrifte hoe die tempel onderhou moet word en watter en hoeveel offers gegee moet word om die tempel in stand te hou. Tans is ons, die gelowiges / kerk die tempel van God. Ons gemeente is die plek waar ons dit vier dat ons God se familie is en waar ons toegerus en geïnspireer word om as dissipels in hierdie wêreld ons lig te laat skyn. Daarom moet die gemeente en die infrastruktuur van die gemeente ook in stand gehou word.

Jy kan jou dankoffer elektronies oorbetal (NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA tjekrek; 2900590051; Verw: 10^{de} Maand), in 'n koevert plaas en in dankoffer-houer laat of Snapscan.

Kom kyk gerus na die boek-uitstalling in die kerksaal. Dalk is daar 'n boek waarin jy belangstel? Jy is welkom om 'n boek te neem.

**KLEREKAMER UITVERKOPING
R20 per item
29 November 2024**